

Beste droëbone vir elke streek

Veral nuwe droëboonprodusente moet hulle deeglik vergewis van die vraag na die verskillende tipes droëbone voor hulle saad koop en begin plant.



Om boere te help met hul keuse van bone om aan te plant, word nasionale kultivarproewe met droëbone elke jaar met die finansiële steun van die Landbounavorsingsraad (LNR), die Droëboneprodusente-organisasie (DPO) en die saadmaatskappye Dry Bean Seed (DBS) en Pannar in Suid-Afrika gedoen. 'n Groot aantal medewerkers, soos KwaZulu-Natal se departement van landbou, landboukoöperasies en landboumaatskappye, voer die proewe uit.

Die resultate van die jongste nasionale droëboonkultivarproewe kan boere help om die beste droëboonkultivars vir hul toestande te kies. Drie seisoene se data is gebruik (2013-'14 tot 2015-'16).

KLEIN, WIT INMAAKBONE

Daar is 'n goeie mark vir inmaakbone. Slegs kultivars wat deur inmakers aanvaar word, behoort aangeplant te word, aangesien die mark vir klein, wit verpakingsbone beperk is.

Die kultivar SW 1 het die hoogste gemiddelde opbrengs tydens die 2015-'16-seisoen asook oor 'n driejaartyperk behaal. Dit is egter 'n nuwe kultivar wat nog fabriekstoetse ondergaan en geen saad is beskikbaar nie.

Teebus-RR1 het die naashoogste gemiddelde opbrengs (oor drie seisoene) behaal. Dit kom baie ooreen met Teebus, maar het goeie roesweerstand en is wyd aangepas. Die inmaakgehalte is goed en aanvaarbaar vir inmakers. Saad is beskikbaar.

PAN 123 het 'n hoë gemiddelde opbrengs oor drie seisoene gehad.

Dit het goeie roesweerstand, die inmaakgehalte is goed en is aanvaarbaar vir inmakers. Saad is beskikbaar.


ROOI, GESPIKKELDE BONE

Daar is 'n groot vraag na rooi, gespikkelde bone en goeie pryse word behaal, maar die mark kan diskrimineer teen kultivars met klein sade of 'n donker agtergrondkleur.

Kultivars waarvan saad beskikbaar is, is die kultivars met 'n lang groeityd, hoë gemiddelde opbrengs, goeie oesekerheid, goeie saadgehalte en siekteweerstand. Hulle is Ty-

LIGGING

Mpumalanga, Vrystaat, KwaZulu-Natal, Limpopo



STROOKPROEWE:

1. Bethlehem (Vrystaat),
2. Fouriesburg (Vrystaat),
3. Carolina (Mpumalanga),
4. Heidelberg (Gauteng),
5. Brits (Noordwes),
6. Grootpan (Limpopo),
7. Bela-Bela (Limpopo),
8. Groblersdal (Limpopo),

KORTOM

- Daar is 'n goeie mark vir inmaakbone, maar slegs kultivars wat deur inmakers aanvaar word, behoort aangeplant te word.
- Kultivars word op só 'n skaal geëvalueer dat boere dit met hul eie toestande kan vergelyk.
- Betroubare strookproewe kan gebruik word as 'n aanduiding van die opbrengspotensiaal van die kultivars.

LINKS: Droëbone word geoes. Die strookproewe stel boere in staat om dit met hul eie toestande te vergelyk. Die foto is by mnr. Gideon Anderson van Middelburg (Mpumalanga) geneem.

REGS: Dr. Deidré Fourie.
FOTO: LNR-IGG



gerberg, PAN 9213, PAN 9292, RS 5, RS 6, PAN 9216, Sederberg, OPS-RS 4, Kranskop-HR 1, PAN 148, DBS 310, DBS 360 en Kranskop. Opbrengsverskille binne die groep kan tot 0,50 ton/ha wees. Ruby het die kleinste sade in dié groep en PAN 9216, Tygerberg en Kamiesberg die grootste sade. RS5 het 'n baie goeie staanvermoë.

Kultivars waarvan geen saad hierdie seisoen beskikbaar is nie, is RS7, Werna, Kamiesberg, DBS 830, DBS 840 en Ruby.

Kranskop het 'n laer opbrengspotensiaal as die meeste van die kultivars met 'n lang groeityd. Dit is as kontrole gebruik.

LAPPIESBONE

Geen lappiesboonkultivars is tydens die 2015-'16-seisoen geëvalueer nie. Dit word hoofsaaklik in die Wes-Kaap onder besproeiing verbou vanweë sy vatbaarheid vir siektes en gehaltevereistes. Die mark daarvoor is baie beperk.

CARIOCABONE

Die mark vir dié bone is baie beperk en boere moet seker maak hulle het 'n koper voor ▶

